*Saterdag* **9 Augustus**

**Skrifgedeelte: Psalm 84**

**Fokusgedeelte: Psalm 84:1, 2**

**Deur innige gemeenskap met God in die erediens versterk God jou vir die eise van die lewe**

Gister het ons in Psalm 42 gesien dat die psalmdigter ver van God gevoel het as gevolg van ’n diep beproewing. In Psalm 84 is die psalmdigter letterlik “ver van God” in dié sin dat hy ver van die tempel in Jerusalem af is. Van êrens in die platteland verlang hierdie gelowige met sy hele wese – liggaam en siel - na die innige gemeenskap met die Here wat ’n gelowige ervaar wanneer hy of sy God in die erediens ontmoet!

Natuurlik leef ek altyd en oral in teenwoordigheid van die Here en ek kan enige tyd en plek met Hom gemeenskap hê! Maar die tempel was immers die plek wat God Self gekies het om sy volk op ’n spesiale manier te ontmoet. Daar waar al die gelowiges in erediens saamkom om die Here te dien met sang en musiek en gebede, en waar die Here Hom op besondere manier aan die gemeente openbaar deur sy Woord en Wet.

Die lewensreis word in verse 8-10 vergelyk met die pelgrimstog wat die Israeliete jaarliks moes onderneem na Jerusalem vir die besondere feeste! Soos wat die reisiger sy gedagtes rig op God en dit wat Hy van God gaan ontvang in Jerusalem, so word hy versterk vir die reis! Die Here gee die krag vir die reis en die Here omskep al die uitdagings van die reis in voorspoed en seën. Selfs net die gedagte aan die seëninge wat God in die erediens gee, versterk ons vir die reis!

Des te meer wanneer ons die lewende Here daar in die erediens ontmoet! Dan ervaar ons die Here soos ’n son en ’n skild! Ja, God is in Christus vir ons soos die son van wie ons lewenskrag en energie ontvang om te leef! In Christus is God ook ’n skild! Hy beskerm ons teen die dood as straf op die sonde! Hy lei ons veilig deur die lewe – ja, selfs deur die dood – soos Dawid in Psalm 23 vir ons leer!

Wie sal dan nie na ’n ontmoeting met die Here in die erediens verlang nie? Wie sal dit dan met opset wil misloop wanneer God op besondere manier sy seëninge uitdeel? Ja, ek wens ek was soos ’n voëltjie wat sy nessie in die tempel kon bou om altyd so “naby” aan God te wees!

*Sing: Psalm 84-1:1*

*Ds. P (Piet) Venter (Potchefstroom-Oos)*